

**2 Julie**

**Nehemia 4: 1 -23**

***Weerstaan teenstand met God se krag (1)***

Om in die geloof te groei, is om 'n sterker oorlogsverklaring teen die Satan uit te reik. Daarom kan elke gelowige wat nader aan God groei teenstand verwag. Kyk maar in die teksgedeelte hoe Sanballat, Tobija en hul makkers die volk van die Here wou keer om te bou.

Maar God se volk het nie net in die geloof gebou nie; hulle het ook in die geloof op die teenstand gereageer. Ons sien in vers 9 hoe hulle in die geloof gewaak en gebid het. In vers 14 word alle vrees vir teenstand met vertroue op die Here vervang. Die volk word opgeroep om op grond van hul "groot en ontsagwekkende" Here te veg vir hulleself, hulle broers, seuns, dogters en vroue. Die finale geloofsreaksie op die weerstand kom in vers 20 waar dit 'n hoogtepunt bereik in die belydenis: "Ons God sal vir ons die stryd voer."

Wanneer die gelowige met God se wapenrusting (Ef. 6) die stryd voer teen die Bose magte en sy verleidingsaanvalle, is die oorwinning seker. Satan is verslaan aan die kruis, al probeer hy hoe hard as gewonde om ons te keer. Satan is oorwin! Lees gerus weer in vers 15; God verydel ons vyand se planne; ons kan voortgaan met ons werk.

Hoe hanteer ek as gelowige aanslae en negatiewe kritiek? Teen wie ervaar ek is die aanslae gemik, wie se eer is in gedrang? Is daar 'n balans in my lewe van bid en werk? Dra ek, lewe ek, die wapenrusting wat God my gee? Sien ek nog die verleidinge en aanslae raak?

*Ons groot en ontsagwekkende God, ons dank U vir die oorwinning in Jesus Christus. Ons bid vir die verliggende werking van U Heilige Gees, sodat ons die Satan se werk kan raaksien en soos U kinders daarteen weerstand kan bied.*

Sing Psalm 68:1 en 9

Ds. J.P. van der Walt (Durban)